WEST COAST RESOURCES TEL SPOED OP

Dit is bykans twee jaar vandat West Coast Resources mynregte in die Namakwalandstreek van die Noord-Kaap bekom het en die maatskappy het inderdaad daardie tyd goed benut. Met mynboubedrywighede op dreef en die personeelgetal wat voortdurend klim, lê opwindende tye voor.

Mynboubedrywighede

Die konstruksie van die Michells Bay produksie-aanleg is teen die einde van 2015 voltooi. Die 50 ton/uur swaarmedium-skeidingsaanleg is in November in diens geneem, gevolg deur die was- en sifaanleg in Desember.

Mynboubedrywighede in die Langklip-gebied het ook in Desember afgeskop en teen 31 Maart 2016 het die myn se voorlopige produksie 24 930 karate beloop.

Mynbou-aktiwiteite vir die res van die jaar sal op die Langklip-gebied en dele van die Koingnaas-gebied fokus.

Werkskepping

Teen einde Mei het die maatskappy 166 permanente poste geskep en 24 deeltydse werknemers was in diens as gevolg van die maatskappy se bedrywighede. West Coast Resources beplan om teen 2020, direk en indirek, ongeveer 686 poste te skep.

Plaaslike inwoners vanuit die nabygeleë gemeenskappe van onder meer Kommagas, Kleinzee, Nababeep, Concordia, Okiep, Koingnaas, Buffelsrivier, Hondeklipbaai en Soebatsfontein, maak 91% van alle West Coast Resources werknemers uit; 26% van die personeel is 25 jaar oud of jonger en 13% is vrouens.

Die eerste fase van die maatskappy se leerlingopleidingsprogram het gelei tot die permanente indiensneming van 20 jong plaaslike matrikulante sonder enige werkservaring. Hierdie jeug, wat as leerlinge aangestel is, ontvang deurlopende indiensopleiding, afrigting en raadgewing. Hulle het ook werksgereedheid-, wetlike gehoorgewings- en Kode 10 rybewys-opleiding bygewoon. Die tweede fase van die leerlingopleidingsprogram is huidiglik in bedryf en nog nege jeug is reeds aangestel.

Die maatskappy werf ook tans vir ’n derde mynskof en betrekkinge is in plaaslike koerante, op plaaslike kennisgewingsborde en op die maatskappy se webwerf – www.westcoastresources.co.za – geadverteer.

Meer as 5 100 aansoeke is tot op datum ontvang. Hierdie kandidate se CV’s is in die West Coast Resources-kandidaatdatabasis vasgelê en word outomaties vir toekomstige betrekkinge oorweeg.

Gemeenskapsverhoudinge

Die maatskappy se Maatskaplike en Arbeidsplan is vir goedkeuring ingedien by die Departement van Mineraalhulpbronne. Die Plan sal oor ’n tydperk van vyf jaar uitgevoer word en sluit projekte in wat fokus op onderrig, werkskepping en gesondheidsdienste.

West Coast Resources het reeds begin om speelparke in die omliggende gemeenskappe van Kommagas, Buffelsrivier, Hondeklipbaai en Soebatsfontein te bou as deel van die Plan. Internetkafees word ook in hierdie dorpe begin.

Die maatskappy is weereens ’n medeborg tot die Namasci-projek wat deur Universiteit Stellenbosch aangebied word. Die Projek is tans in sy tweede jaar en in April 2016 het 80 Graad 10-, 11- en 12-leerders vanaf regoor Namakwaland leerdersessies by Hoërskool Namakwa in Springbok bygewoon. Die volgende sessies word vir die Julie-skoolvakansie beplan.